



# ***BET-EL CHRISTELIKE AKADEMIE***

## **Skoolreëls & Strafprosedure**

### **SKOOLREËLS**

#### **1. ALGEMEEN EN TOEPASSING**

- 1.1 Die doel van die skoolreëls en gedragskode is die neerlegging van reëls en prosedures om 'n gedissiplineerde en veilige omgewing vir die leerders van die skool, vir hul ouers en/of voogde en vir die personeellede van die skool te skep om sodoende kwaliteit opvoeding te verseker en te handhaaf.
- 1.2 'n Voorwaarde tot toelating van die skool is die aanvaarding van en onderwerping aan die reëls en gedragskode van die skool.
- 1.3 Die skoolreëls en gedragskode is van toepassing en afdwingbaar op alle leerders van die skool en hul ouers en/of voogde.
- 1.4 Die Skoolhoof, Onderwysers, Personeellede en die Beheerliggaam van die skool is verantwoordelik vir die toepassing en uitvoering van die skoolreëls en gedragskode.
- 1.5 Die skoolreëls en gedragskode moet nie as volledig en finaal beskou word nie aangesien dit aan hersiening en wysiging onderworpe is.

#### **2. ALGEMENE REËLS**

- 2.1 Telefoniese boodskappe sal slegs in die geval van nood aan leerders oorgedra word.

- 2.2 Geen tablette, ipods, CD-spelers, elektroniese speletjies of enige ander elektroniese toerusting (selfone uitgesluit) mag sonder vooraf toestemming van 'n personeellid skool toe gebring word nie.

### **3. SKOOLBYWONING EN AFWESIGHEDE**

- 3.1 Skoolbywoning is verpligtend. Die leerder se ouers/voogde moet verantwoordelikheid aanvaar en toesien dat die leerder die skool bywoon.
- 3.2 Geen leerder mag die skoolterrein gedurende skoolure of pouses sonder die verlof van die skoolhoof of sy/haar gedelegeerde verlaat nie.
- 3.3 Geen afspraak, behalwe in uitsonderlike en dringende gevalle, mag vir die leerders tydens die voorgeskrewe skoolure gemaak word nie. Indien 'n afspraak slegs in skoolure verkry kan word, moet die ouers/voogde 'n brief in dié verband aan die skoolhoof rig sodat die nodige reëlings getref kan word.
- 3.4 Indien die leerder weens mediese redes ongeskik is om die skool by te woon, moet die ouers/voogde die skool voor 08h00 telefonies daarvan in kennis stel en 'n mediese sertifikaat of brief van die ouers moet op die eerste dag van skoolbesoek na die afwesigheid aan die skool voorsien word.
- 3.5 Indien die leerder afwesig is tydens toetse of eksamen moet 'n mediese sertifikaat aan die skool voorsien word. Indien 'n mediese sertifikaat nie voorsien word nie, sal 'n nulpunt vir die betrokke toets of eksamen toegeken word. Die enigste ander aanvaarbare rede vir afwesigheid tydens toetse of eksamen is in die geval van 'n begrafnis.
- 3.6 Indien 'n leerder die skool voor 10h00 verlaat sal die leerder vir die dag afwesig gemerk word. Wanneer 'n leerder die skool vóór die sluitingstyd verlaat, moet die leerder deur die ouer/voog persoonlik kom haal word of deur 'n persoon met 'n skriftelike verlobbrief van die ouer/voog.

### **4. SELFONE**

- 4.1 Leerders se selfone word aan die begin van elke skooldag deur die register-onderwyser ingeneem en in bewaring gehou.
- 4.2 Gedurende skoolure moet selfone afgeskakel wees en mag geen leerder 'n selfoon sonder die verlof van 'n onderwyser gebruik of hanteer nie.
- 4.3 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies van of skade aan 'n leerder se selfoon nie.
- 4.4 Geen selfone mag tydens toetse of eksamen in 'n leerder se besit wees nie.

### **5. KLASKAMERREËLS**

- 5.1 Geen leerder word voorskool, gedurende pouses of ná skool in die klaskamers toegelaat sonder die toesig van 'n personeellid nie.

- 5.2 Leerders moet betyds wees vir elke klas en moet die nodige boeke en tuiswerk vir die klas bring.
- 5.3 Leerders moet te alle tye hoflik teenoor mekaar en teenoor die onderwysers wees.
- 5.4 Leerders moet luister wanneer die onderwyser praat.
- 5.5 Leerders mag nie in die klasse eet nie.
- 5.6 Leerders mag slegs met die toestemming van die betrokke klasonderwyser die kleedkamers gedurende klasperiodes besoek.

## **6. KLASWISSELING**

- 6.1 Klaswisseling moet ordelik en vinnig geskied.
- 6.2 Oormatige luidrugtigheid en geskree is verbode.
- 6.3 Die kleedkamers mag nie tydens klaswisseling besoek word nie.

## **7. TUISWERK**

- 7.1 Elke leerder moet 'n tuiswerkboek aanskaf wat slegs gebruik word om tuiswerk in neer te skryf.
- 7.2 Tuiswerk moet getrou gedoen word en take moet betyds ingedien word.

## **8. GEDRAG**

- 8.1 Die skooldag begin stiptelik om 08:00 en daar word van die leerder verwag om elke dag betyds vir skool te wees. Indien 'n leerder laat is, moet hy/sy by die skoolhoof aanmeld.
- 8.2 Daar word verwag dat die leerder altyd hoflik en goed gemanierd sal optree teenoor mekaar, die personeel en besoekers.
- 8.3 Die volgende gedrag is streng verbode:
  - Kru, vuil of skeldtaal
  - Bakleiery, boelie of geweld
  - Diefstal
  - Vandalisme
  - Rook
  - Gebruik van alkohol
  - Gebruik van verdowingsmiddels
- 8.4 Geen fisiese kontak tussen seuns en dogters word op die skoolterrein of enige ander plek, wanneer in skooldrag geklee is, toegelaat nie.

## 9. **SKOOLDRAG**

‘n Voorwaarde tot toelating tot die skool is die aanvaarding van die skool se skooldragregulasies en die dra daarvan by die skool en by alle funksies waar die skool verteenwoordig word.

### **Seuns**

#### Somer

Grys lang- of kortbroek  
Wit kortmouhemp met sakwapen  
Swart gordel/belt  
Skoolbaadjie met skoolwapen  
Skooltrui (slegs onder skoolbaadjie)  
Grys skoolkouse  
Swart vetertipe skoolskoene

#### Winter

Grys lang- of kortbroek  
Wit hemp met boordjie en sakwapen  
Swart gordel/belt  
Skoodas  
Skoolbaadjie met skoolwapen  
Skooltrui (slegs onder skoolbaadjie)  
Grys skoolkouse  
Swart vetertipe skoolskoene

### **Dogters**

#### Somer

Skoolrok (maroen) Wit  
kortmouhemp Skoolbaadjie  
met skoolwapen  
Skooltrui (slegs onder skoolbaadjie)  
Kort wit sokkies  
Swart skoolskoene (bandjie met gespe)

#### Winter

Skoolrok (maroen)  
Wit hemp met boordjie  
Skoodas  
Skoolbaadjie met skoolwapen  
Skooltrui (slegs onder skoolbaadjie)  
Driekwart grys skoolkouse  
Swart skoolskoene (bandjie met gespe)

## 10. **VOORKOMS**

### 10.1 Skooldrag

Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en tydens buitemuurse aktiwiteite en funksies waar die skool verteenwoordig word gedra word. Geen borsspelde of balkies wat nie met die skool verband hou nie, mag by die skooldrag gedra word nie. Daar word van seuns verwag om ten minste een knoop van hul baadjies vas te maak.

### 10.2 Hare - Seuns

- Hare moet kort, skoon en netjies wees
- Hare mag slegs ‘n natuurlike kleur gekleur word (geen drastiese kleure met strepies nie)
- Geen lang kuiwe word toegelaat nie
- Hare mag nie agter oor die kraag hang nie
- Wanneer die kuif vorentoe gekam word, mag dit nie oor die wenkbroue hang nie
- Hare mag matig gejel word
- Baarde moet te alle tye geskeer word
- Geen snor, wangbaard (“sidies”) of stoppelbaard word toegelaat nie
- Die wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor wees nie en moet reguit geskeer wees

### 10.3 Hare - Dogters

- Hare moet skoon en netjies wees
- Hare mag slegs 'n natuurlike kleur gekleur word (geen drastiese kleure met strepies nie)
- Hare wat aan die kraag raak of langer is, moet met 'n swart of maroen standaardrekkie vasgebind word
- Enige ander haarknippies,-linte, ens. moet ook swart of maroen wees
- Die kuif moet bokant die wenkbroue wees en mag nie in die oë hang nie
- Geen hare of kuiwe mag los langs die gesig hang nie

### 10.4 Grimering

Geen grimering (ooggrimering, lipstiffie of onderlaag) word toegelaat nie

### 10.5 Juweliersware

- Slegs 'n horlosie mag gedra word
- Geen juweliersware (ringe, kettings, hangertjies of armbande) mag by skooldrag gedra word nie
- Armbande en hangertjies wat om mediese redes gedra moet word, word toegelaat, maar die relevante doktersbrief moet by die skoolhoof ingehandig word
- Dogters: slegs een goue of silwer oorknopie (“stud”) word in die oorlel van elke oor toegelaat
- Seuns: geen oorbelle of oorknopies is toelaatbaar nie

### 10.6 Naels

- Naels moet altyd kort, skoon en netjies wees
- Dogters mag slegs kleurlose naellak dra

## **11. Fietse, Motorfietse en Motors**

- 11.1 Fietse, motorfietse en motors word op eie risiko geberg/geparkeer en leerders en hul ouers/voogde vrywaar die skool teen enige verlies of skade wat op enige wyse aan sodanige fiets, motorfiets of motor aangerig mag word.
- 11.2 Geen leerder mag sonder 'n geldige leerlinglisensie (slegs motorfietse) of rybewys die skoolterrein binnekom nie.
- 11.3 Fietse, motorfietse en motors mag slegs op die toegelate terreine parkeer word.
- 11.4 Op die skoolterrein sal voetgangers te alle tye bewegingsvoorkeur bo fietse, motorfietse en motors kry.

## **12. Geboue, Skoolterrein en Toerusting**

- 12.1 Die leerder moet die skoolterrein, klaskamers en kleeedkamers altyd netjies en skoon hou.
- 12.2 Die leerder moet die skool se toerusting en fasiliteite altyd met sorg hanteer.

- 12.3 Geen vandalisme, misbruik of beskadiging van die skool se terrein, klaskamers, kledkamers, toerusting of fasiliteite sal geduld word nie.
- 12.4 Endien 'n leerder verantwoordelik is vir die beskadiging van enige toerusting of fasiliteite van die skool, kan die leerder se ouers/voogde vir sodanige skade of verlies aanspreeklik gehou word.
- 12.5 Geen wapens word op die skoolterrein toegelaat nie.

## **STRAFPROSEDURE**

### **OORTREDINGS**

#### **Kategorie 1**

Die leerder pleeg 'n kategorie 1 oortreding indien hy/sy:

1. Hom/haarself skuldig maak aan 'n geringe vorm van ontwrigting van die onderrigproses in die klas.
2. Ongehoorsame gedrag openbaar en weier om opdragte of voorskrifte van onderwysers uit te voer. Dit sluit die doen van tuiswerk en take in.
3. Kru, vuil of skeldtaal in die klaskamer of op die skoolterrein gebruik.
4. Per ongeluk die skool, ander leerders of personeellede se eiendom beskadig.
5. Die skool, ander leerders of personeellede se eiendom misbruik.
6. Tablette, ipods, CD-spelers, elektroniese speletjies of enige ander elektroniese toerusting sonder die toestemming van 'n personeellid skool toe bring.
7. Laat by die skool opdaag.
8. Die skool se skooldragregulasies oortree.
9. Enige van die voorkomsreëls oortree.
10. Enige van die klaskamerreëls oortree.
11. Enige van die klaswisselingreëls oortree.
12. Enige van die tuiswerkreëls oortree.
13. Enige ander skoolreëls oortree wat nie uitdruklik in hierdie of enige ander kategorie oortreding gespesifiseer word nie.

#### **Kategorie 2**

Die leerder pleeg 'n kategorie 2 oortreding indien hy/sy:

1. Hom/haarself aan 'n kategorie 1 oortreding skuldig maak en reeds by 'n vorige geleentheid dieselfde of soortgelyke oortreding begaan het.
2. Hom/haarself skuldig maak aan 'n meer ernstige vorm van ontwrigting van die onderrigproses in die klas en ander leerders in die onderrigproses benadeel.
3. 'n Personeellid se gesag ondermyn of enige ander onaanvaarbare handeling teenoor 'n personeellid verrig.
4. 'n Ander leerder of 'n personeellid se menswaardigheid aantast deur hulle te vloek, vuil of krutaal teenoor hulle te gebruik, hulle te beledig, te laster of rassistiese aanmerkings teenoor hulle te maak.
5. 'n Ander leerder of personeellid intimideer, dreig, teister of boelie.
6. 'n Handeling verrig wat die skool se naam en etos benadeel.

7. Met opset die skool, ander leerders of personeelle se eiendom misbruik of beskadig.
8. Sonder toestemming vir 'n skooldag, verpligte klas of ekstra klas afwesig is.
9. Sonder die verlof van 'n onderwyser 'n selfoon gedurende skoolure hanteer, aanskakel en/of gebruik.
10. Oneerlik is: afskryf van huiswerk.
11. In besit is van 'n selfoon tydens 'n toets of eksamen.
12. Op die skoolterrein of in die openbaar in skooldrag rook.
13. Op die skoolterrein of in die openbaar baklei.
14. In besit is van enige gevaarlike voorwerp anders as 'n gevaarlike wapen.
15. Hom/haarself of enige ander persoon se veiligheid in gevaar stel.
16. 'n Fiets, motorfiets of motor op 'n roekelose wyse op die skoolterrein bestuur.
17. 'n Motorfiets of motor sonder die nodige leerling/bestuurderslisensie op die skoolterrein bestuur.

### Kategorie 3

Die leerder pleeg 'n kategorie 3 oortreding indien hy/sy:

1. Hom/haarself aan 'n kategorie 2 oortreding skuldig maak en reeds by 'n vorige geleentheid dieselfde of soortgelyke oortreding begaan het.
2. Hom/haarself skuldig maak aan 'n uiters ernstige vorm van ontwrigting van die onderrigproses in die klas deur die onderrigproses te ontwrig of bedreig.
3. Oneerlik is: vervalsing van 'n dokument, kul in 'n toets, eksamen of werkopdrag.
4. Hom/haarself skuldig maak aan diefstal of enige ander vorm van bedrog.
5. Alkohol op die skoolterrein of in die openbaar in skooldrag besit en/of gebruik.
6. Enige stimulant, opkickers, verdowingsmiddel of ander gevaarlike middels besit, gebruik of versprei.
7. Enige handeling van openbare onsedelikheid verrig.
8. Enige persoon seksueel teister.
9. Enige pornografiese materiaal besit, vertoon of versprei.
10. Op die skoolterrein of terwyl hy/sy in skooldrag is of by 'n skoolfunksie is in besit is van 'n gevaarlike wapen.

## **DISSIPLINÊRE STRAFMAATREËLS**

### Kategorie 1

1. Die leerder word mondelings aangespreek en gewaarsku indien hy/sy 'n kategorie 1 oortreding begaan. Die betrokke onderwyser maak 'n aantekening van die waarskuwing.
2. Drie waarskuwings lei daartoe dat 'n inskrywing op die leerder se dissiplinekaart gemaak word.
3. Drie waarskuwings lei tot detensie en die ontseggings van voorregte.
4. Indien die leerder weer drie waarskuwings vir 'n kategorie 1 oortreding ontvang, sal die betrokke kategorie 1 oortreding aan die dissiplinêre en strafmaatreëls van 'n kategorie 2 oortreding onderworpe wees.

### Kategorie 2

1. Alle kategorie 2 oortredings word op die leerder se dissiplinekaart aangeteken.
2. Waar nodig, word die leerder na die skoolhoof verwys.
3. Die skoolhoof sal die leerder die geleentheid gee om sy standpunt met betrekking tot die oortreding te stel.

4. Die skoolhoof sal, afhangende van die aard van die oortreding, die leerder se ouers/voogde skakel en hulle in kennis stel van die leerder se oortreding.
5. Die skoolhoof sal 'n waarskuwingsbrief aan die leerder gee wat deur sy/haar ouers/voogde onderteken moet word.
6. Die getekende waarskuwingsbrief word dan op die leerder se lêer geliasseer.
7. Die skoolhoof kan die leerder op detensie plaas vir een of meer klasse.
8. Indien die leerder weer skuldig is aan 'n kategorie 2 oortreding, sal die betrokke kategorie 2 oortreding aan die dissiplinêre en strafmaatreëls van 'n kategorie 3 oortreding onderworpe wees.

### Kategorie 3

1. Alle kategorie 3 oortredings word op die leerder se dissiplinekaart aangeteken.
2. Die leerder word onmiddellik na die skoolhoof verwys.
3. Die skoolhoof sal die leerder die geleentheid gee om sy standpunt met betrekking tot die oortreding te stel.
4. Die skoolhoof sal die leerder se ouers/voogde skakel en hulle in kennis stel van die leerder se oortreding.
5. Die skoolhoof sal 'n brief aan die ouers/voogde gee wat die leerder se oortreding uiteensit. Erkenning van ontvangs moet deur die leerder se ouers/voogde onderteken word.
6. Die skoolhoof sal die leerder en hul ouers/voogde verwys na die skool se Beheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor.
7. Die leerder kan, in afwagting van die uitkoms van die dissiplinêre verhoor, vir 'n tydperk van maksimum vyf skooldae uit die skool geskors word.
8. Die beslissing van die Beheerliggaam kan lei tot tydelike skorsing met spesifieke voorwaardes om voortgesette bywoning van die skool te verseker of kan lei tot permanente uitsetting van die leerder.

Hiermee bevestig ons dat ons kennis neem van Bet-el Christelike Akademie se skoolreëls en strafprosedures. Ons onderneem om ons daaraan te onderwerp.

**ONDERTEKEN TE \_\_\_\_\_ OP HIERDIE \_\_\_\_\_  
DAG VAN \_\_\_\_\_ 20\_\_.**

\_\_\_\_\_  
Vader/Voog

\_\_\_\_\_  
Getuie

\_\_\_\_\_  
Moeder/Voog

\_\_\_\_\_  
Getuie

\_\_\_\_\_  
Leerder

\_\_\_\_\_  
Getuie